Kommentaarnota op professor Sampie Terreblanche se artikel: Armoede in Suid-Afrika

Jannie Rossouw
Suid-Afrikaanse Reserwebank asook Departement Ekonomie, Universiteit van Pretoria*

SUMMARY

Comments on the article of Prof. Sampie Terreblanche: Poverty in South Africa

In his article, "Poverty in South Africa" (Terreblanche 2004), South African poverty is analysed from a historical and contemporary perspective. This note of comment investigates the proposed solution by Terreblanche, namely higher income tax. However, he does not deal with the resistance of tax payers, the increasing diaspora of young South Africans, or the possibility of re-prioritised government expenditure.

INLEIDING

In sy artikel, "Armoede in Suid-Afrika" (Terreblanche 2004), ontleed prof. Sampie Terreblanche Suid-Afrikaanse armoede vanuit 'n historiese en kontemporêre perspektief. Hierdie ontleding maak 'n belangrike bydrae tot die huidige armoededebat en was reeds die onderwerp van kommentaar deur Brits (2004) en Roux (2004).

Gegewe die persoonlike en akademiese waardering vir prof. Terreblanche en sy bydraes, is dit met huiwering dat hierdie kort kommentaarnota 'n sentrale aspek van die voorgestelde oplossing, naamlik hoër belasting vir bykomende maatskaplike besteding van sowat R25 miljard per jaar deur die owerheid, benavraag en 'n alternatief aan die hand doen. In wese kan die voorgestelde oplossing opgesom word as (Terreblanche 2004: 233):

> Indien die owerheid 'n addisionele R25 miljard op armes sou bestee, sal belasting uiteraard verhoog moet word. Ongelukkig bestaan daar 'n sterk antibelastingkultuur in Suid-Afrika. Gevolglik sal die verhoogde belasting gepaard moet gaan met 'n omvattende opvoedingsprogram om rykes te oortuig van die onbetwisbare noodsaaklikheid van die verhoogde besteding op die armes.

Hierdie voorgestelde oplossing herinner baie aan Terreblanche se betoog vir restitusiebetalings deur enige persoon in Suid-Afrika met netto bates bo R2 miljoen by die Waarheids- en Versoenings-kommissie in 1997 (sien byvoorbeeld Bullard 1997, of ANC 1997). Restitusie in enige vorm as voorgestelde oplossing vir armoede regverdig natuurlik in sigself verdere debat en kan die onderwerp van 'n kommentaarnota wees. Hierdie nota handel egter met die voorstel om deur middel van hoër belasting meer hulpbronne aan die owerheid vir verspreiding aan die armes toe te deel, en twee implisiete aannames waarop hierdie voorstel berus. Terreblanche maak implisiete aannames oor:

---

* Die menings in hierdie kommentaarnota weerspieël nie noodwendig die menings van die S A Reserwebank of die Universiteit van Pretoria nie.

- 'n Belastinggewillige bevolking.
- Die onvermoë van die owerheid om huidige bestedingspatrone te herprioritiseer.

1. BELASTINGGEWILLIGE BEVOLKING

Terreblanche se huidige voorstel (hoër jaarlikse belasting) is 'n meer haalbare oplossing as sy vorige voorstel (restitusie). Welvaartherverdeling by wyse van restitusie is in wese 'n boete gerig op besparing en dus diegene wat spaarsamig leef, eerder as om alle inkome te spandeer. Hierteenoor word belasting in dieselfde verhouding op die lopende inkomste van belastingbetalers gehef.

Die voorgestelde belasting van R25 miljard per jaar moet in perspektief tot die totale jaarlikse belastinginkome van die owerheid gesien word. In die 2003/04-fiskale jaar het die owerheid se totale direkte belastinginkome (afgerond) R183 miljard beloop, waarvan sowat R98 miljard deur individue betaal is (SA Reserwebank 2004; Steyn 2005:66), wat uiteraard diegene bo die armoedelyn volgens Terreblanche se ontleding is (2004:228). Voorts moet die afleiding gemaak word dat Terreblanche dit as 'n permanente verhoging in inkomstebelasting beskou, omdat geen tydsbeperking (byvoorbeeld 'n hoër belasting vir 'n spesifieke aantal jare) daarop geplaas word nie.

Terreblanche se voorgestelde oplossing kan dus saamgevat word as 'n verhoging van sowat 25,5 persent in inkomstebelasting op individue. Die stelling dat "…die verhoogde belasting [moet] gepaard … gaan met 'n omvattende opvoedingsprogram om rykes te oortuig van die onbetwisbare noodsaaklikheid van die verhoogde besteding op die armes" (Terreblanche 2004:233) impliseer dat Terreblanche 'n aanname maak dat belastingbetalende inwoners "gevangenis" is binne enige geografiese gebied, byvoorbeeld die belastingjurisdiksie van die Suid-Afrikaanse owerheid en dus noodwendigerwys, gewillig of onwillig, die bykomende belastinglas sal dra. Hierdie is 'n debatteerbare aanname, soos blyk uit die ramings van die omvang van die diaspora van Suid-Afrikaners, en spesifiek jong Suid-Afrikaners. Volgens een so 'n raming het 1,6 miljoen Suid-Afrikaners teen 1999 reeds in die buiteland gewoon en het 20 persent van die geskoolde arbeidsmag reeds die land verlaat (South Africa: the good news 2005).

'n Onlangse opmerking deur die Suid-Afrikaanse Minister van Onderwys, me. Naledi Pandor, bevestig hierdie diaspora. Volgens 'n koerantberig deur Taljaard (2004) het Pandor op 24 Januarie 2005 gesê dat Suid-Afrika die intellektuele vaardighede van sy jeug nodig het, en 'n beroep op jong Suid-Afrikaners gedoen om nie langer as twee jaar na hul studies in die buiteland te vertoef nie. Sy het ook gesê dat enige besluit deur jongmense om hul lewe aan Brittanje te wy, beteken dat hulle nie 'n positiewe bydrae tot Suid-Afrika maak nie. 'n Groeiende diaspora is dus nie 'n verbeeldingsvlug nie, dit is 'n werklikheid.

Die Suid-Afrikaanse owerheid kan dus nouliks herverdeling van inkome en welvaart versnel deur bloot hoër inkomstebelasting te hef. Terreblanche se implisiete aanname dat die belastingbasis 'n gegewe is en ten spyte van hoër belasting behoue sal bly, hou nie stand nie. Pogings tot groter herverdeling van inkome en welvaart deur hoër belasting sal tot die migrasie van Suid-Afrikaanse belastingbetalers na laer belastingjurisdiksies lei, eerder as om Terreblanche se oogmerk te ondersteun.

2. HERPRIORITISERING VAN BESTAANDE OWERHEIDSBESTEDING

Verskeie openbare debatte vind tans plaas oor die toepaslikheid van die owerheid se huidige uitgaweprioriteite. Die bekendste van hierdie debatte handel oor die herbewapeningsprogram van die Suid-Afrikaanse weermag en die mening, byvoorbeeld van Ecaar ("Economists Allied for Arms Reduction"), dat 'n herbewapeningsprogram totaal onnodig is (Harris 2004; Smith 2003). Owerheidsfondse wat op herbewapening bestee word, kan aangewend word om armoede te verlig.

Afgesien van die herprioritisering van fondse wat vir herbewapening geoormerk is, is dit ook nodig om te oorweeg of ’n verdere bron van fondse vir armoedeverligting nie deur die herprioritisering van bestaande bestedingsprogramme van die owerheid beskikbaar gestel kan word nie. Totale owerheidsbesteding in die 2003/04-fiskale jaar het immers meer as R300 miljard beloop (SA Reserwebank 2004), maar enige vraag oor herprioritisering kan in dié geval slegs deur die owerheid oorweeg word, want die owerheid doen uiteindelik aan kiesers verantwoording oor die aanwending van sy inkomste.

Terreblanche maak die implisiete aanname dat die herprioritisering van bestaande owerheidsuitgawes nie ’n rol te speel het in die bekamping van armoede in Suid-Afrika nie, want dit word nie as ’n moontlike oplossing aan die hand gedoen nie. Hierdie alternatief verdien groter oorweging in enige strategie wat die bekamping van armoede deur owerheidsbesteding as oogmerk het.

SLOTSOM

Hoewel Terreblanche tereg tot die slotsom kom dat inisiatiewe om armoede te bekamp en pogings om dit uit te wis, primêr die owerheid se verantwoordelikheid is, is daar nie eenstemmigheid oor die wyse waarop dit moet gebeur nie. ’n Alternatief tot dieselfde oogmerk is die herprioritisering van bestaande owerheidsuitgawes.

Hierdie kort kommentaarnota verskil dus nie van Terreblanche oor die noodsaaklikheid van owerheidsinisiatiewe om armoede te verlig nie, maar betwyfel implisiete aannames oor die mees geskikte wyse om die oogmerk te bereik. Daar is inderdaad ’n alternatief: die herprioritisering en -verdeling van bestaande owerheidsuitgawes.

BRONNELYS

ANC. 1997. Business could have done more to oppose apartheid, TRC hears. *ANC daily news briefing.* 12 November. http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1997/news 1112 [Internettoegang op 28 Januarie 2005].

Brits, J.P. 2004. Kommentaar: Armoede in Suid-Afrika deur Sampie Terreblanche. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 44(2&3): Junie en September.

Bullard, David. 1997. An apology or two, a few crocodile tears and business keeps adding up the profits. *Business Times.* http://www.btimes.co.za/97/1123/columns/columns.htm [Internettoegang op 28 Januarie 2005].

Harris, G. 2002. The irrationality of South Africa’s military expenditure. *African Security Review.* Vol 11(2). http://www.iss.org.za/PUBS/ASR/11No2/Harris.htm/ [Internettoegang op 28 Januarie 2005].

Roux, A.P.J. 2004. Kommentaar: Armoede in Suid-Afrika deur Sampie Terreblanche. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 44(2&3): Junie en September.

SA Reserwebank. 2004. *Kwartaalblad.* Desember.

South Africa: the good news. 2005. http://www.positivelysa.co.za/www/goodnews.htm [Internettoegang op 25 Januarie 2005].

Smith, Anesca. 2003. *Dash to cancel arms deal.* News24.com. 15 October. http://www.news24.com/News24/South_Africa/News/0271442_1430785,00.html [Internettoegang op 31 Januarie 2005].

Steyn, F. G. (red). 2005. *An introduction to Economics: A South African perspective.* Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise: Universiteit van Pretoria.

Taljaard, Jan. 2005. Moenie te lank oorsee vertoef, SA Jeug. *Beeld.* 25 Januarie.

Terreblanche, S. 2004. Armoede in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 44(2&3): Junie en September.